# Gebed vir Moedersdag

Dierbare Hemelse Vader, ons dra vandag al ons moeders en ouma's aan U op;
asook almal wat die lewegewende rol van moeder in iemand se lewe inneem,
hulle skep ons tuistes en anker ons familielewe,
hulle onvoorwaardelike liefde en goedheid maak ons bestaan leefbaar,
veral in tye van swaarkry en moeilikheid en pyn.
Die omgee en teerheid van 'n moeder is soos balsem
vir 'n gewonde wêreld in pyn. Haar glimlag en drukkies
soos voedsel in tye van honger en nood.
Seën ons moeders, laat hulle weet dat hulle liefde
en die nagte wat hulle om ons ontwil deur gebid het
nie tevergeefs was nie. Omhels hulle met die krag
en beskerming van u Vaderlike arms en laat hulle
die warmte en gemoedsrus van u nabyheid ervaar.
Ons dank U vir die gawe van moederskap
en die wysheid wat voortkom uit die grootmaak van kinders.
Ons bid vir ons moeders; hulle wat hier is en hulle wat ons
reeds vooruitgegaan het.
Mag hulle vrede en vreugde in hierdie lewe ervaar,
en die ewige geluk in die hiernamaals.
Amen.

© Die Oratorium Uitgewery